# Lesing 13 - 15 November 2025 - Die Dogter van Sion, restoureerders van die Skrifte

Die jaar 2007 het geindig met die aflegging van ons Gelofte te Kameeldrif 225 en 'n nuwe jaar het voor ons gelê. Min het ons geweet watter beproewingstyd ons sou ingaan. In Januarie 2008 het verskeie skryfknegte (hulle wat Vader se direkte Woord in hulle hart ontvang het) boodskappe ontvang dat mense moet versamel by 'n plek net buite Lydenburg, later genoem "Die Herberg". Ons was op ons piek sowat 80 mense bymekaar maar dit het gewissel tussen 20 en 80. Die opdrag was eenvoudig. Soek die Migdol pilaar in jouself, kom binne die orde van die Liefde en reinig julleself. Die tydperk, wat ook gevarieer het vir elke persoon, was in beslag geneem deur 3 geestelike samekomste per dag waar gesing, gebid en Skrifstudie gedoen is, veral baie vanuit nuwe openbarings wat op die Herberg ontvang is van Vader. Die res van die dag was gevul met dagtakies, rus en kosmaak.

Ek self was baie siek toe ek daar aangekom het, jig het my platgetrek. Ek het opdrag ontvang van Vader om geen aptekersmedisyne in te neem nie, maar slegs die suiwer fonteinwater uit die berg en suiwer voedsel in te neem. Ons het hoofsaaklik van groente, vrugte, vis en hoender gelewe. By my het dit werklik genesing bewerk, natuurlik gepaardgaande met gebed, en die skadelike substanse het my liggaam verlaat na 16 maande van bedlê. Die tyd was vir my waarlik 'n groot geestelike beproewing en reiniging waar ek deur intense pyn moes gaan. Maar dit het my innerlike versterk en ek kon myself later met 'n rystoel beweeg, later 2 krukke, toe 1 kruk en toe moes ek weer moeisaam leer om weer te loop.

Daar is drie belangrike opdragte in die Boerevolk vervul gedurende hierdie tyd.

1. Ons moes in Pretoria 'n klipstapel oprig ter bevryding van ons volk.
2. Ons moes geestelik bevryding doen van Boere-krygers wat in die Tweede Vryheidsoorlog geveg het en wat vasgevang gesit het in intense haat vir wat die Engelse aan ons Volk gedoen het.
3. Ons moes die vrouens en groter kinders wat in die konsentrasiekampe gesterf het, vrygebid het en hulle na geestelike groen weivelde verhef het in die gees, ook vanweë hulle haat teenoor die Engelse vir wat hulle aangedoen is in die konsentrasiekampe.

Ek begin die verhaal deur terug te gaan na die opdrag gegee aan gen Koos de la Rey en Oom Siener van Rensburg want die gebeure volg mekaar op.

### Klipstapel en Gelofte ter bevryding van die Boerevolk

Ongeveer 100 jaar gelede het Generaal Koos de la Rey, Siener van Rensburg en tien manskappe 'n fisiese klipstapel gaan oprig Noordwes van waar hulle was, in Wes-Transvaal.

Nou, 100 jaar later, het 11 mense weereens, in opdrag van ons Hemelse Vader, opgetrek na Pretoria om 'n geestelike verbond in die harte te sluit, met 'n klipstapel as fisiese gedenkteken. JaHshua Self was die twaalfde persoon in die Gees wat die ekspedisie vergesel en gelei het!

### Die vertrek na Pretoria:

'n Vergadering is saamgeroep in dieselfde uur, met die eerste ses aangewese manskappe soos per diktaat: Dirk van Vuuren, Gideon Steyn, Pieter Roets, Francois Fourie, Hennie Tredoux en Paul Mooi. Hierop het Jahshua geantwoord dat daar twaalf sou gaan na Brits, waar 'n gedenkplaat vir Hom gesalf moes word. Jahshua het bevestig dat drie vroue, naamlik Madeléne Steyn, Kobie Lubbe en Nalize Roets moes saamgaan. Die elfde persoon is aangewys as Frans van Kraaienburg en Jahshua self as die twaalfde teen-woordige. Die elf aangewese persone is geseën deur die ongeveer 54 gemeentelede voor hulle vertrek van die Herberg, op die plaas Rooikrans.

Onderweg na Pretoria moes 'n sekere klip afkomstig van die Herberg, weer teruggehaal word. Die klip is deur Roy Sydow, die oudste lid van die Herberg, aan Pieter gegee in Maart 2008 en vanaf ontvangs volgens opdrag van Jahshua versteek op die Steenkampsberge in Lydenburg. Volgens Jahshua sou hierdie klip die Melgisédek-huis voorstel. Al die ander persone moes van dieselfde plek 'n klip saamneem, alhoewel uit ander rots-formasies, aangesien 'n klipstapel iewers opgerig sou word.

Hier in Pretoria het Nalize van Jahshua verneem dat daar na drie plekke gegaan moes word en alles afgehandel sou wees deur sewe maal om die Kerkplein te ry onder lofsang, waarna 'n steen ook gesalf moes word. Hier sou die ZAR-leuse "*Eendragt maakt Magt*" gewysig moes word na "*Eendrag in Jahshua maak Mag*".

### Die aankoms in Pretoria:

Dieselfde aand is weer vergadering gehou omstreeks 20h30 in Pretoria om duidelikheid van Jahshua te ontvang oor wat ons te doen staan. Die gemeente op die Herberg het in die normale dienstyd om 18h00 reeds met gebed ingetree vir leiding in hierdie gebeure. Die Gelofte (ingesluit in artikel) is intussen deur Jahshua aan Francois gedikteer. Hierdie Nuwe Gelofte, geskoei op die 1838 Gelofte te Bloedrivier was so aangrypend vir elkeen dat daardie nag in diepe bepeinsing deurgebring was, want die Gelofte het behels dat elkeen sy lewe aan JaHshua sou moes opoffer ter bevryding van ons Volk.

### Die Gelofte - Inleiding

*My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter*

*bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.*

### My verbond met julle is die volgende:

*Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle 'n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.*

### Julle Gelofte is as volg:

*Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.*

Op hierdie vergadering die aand het Jahshua plekke aangewys, alhoewel die opdragte op slegs drie plekke sou geskied: Die Jopie Fourie feesterrein, Kerkplein in Pretoria en die suidelike berggedeelte naas Amajuba-laan op die Magaliesberg, Hieruit is afgelei dat 'n driehoek gevorm moes word as geheiligde gebied vir Jahshua.

Na gebed is vasgestel dat die eerste opdrag 'n salwing op 'n gedenkplaat op die Jopie Fourie feesterrein langs die Magaliesberge sou behels, met die woorde van Jahshua wat lui: "*Ek gee die grond weer terug as erfenis en besit aan julle".* Dit moes voor sonsopkoms op 29 Oktober 2008 geskied. Gideon Steyn het die gedenkplaat gesalf

Die tweede opdrag sou 'n klipstapeling behels op die suidelike kant van die Magaliesberge in die gebied Noord van Amajuba-laan. Hierdie taak sou 'n soektog behels na die spesifieke plek deur Jahshua verkies vir Sy nuwe klipstapel.

### Eerste opdrag en Gelofte op 29 Oktober 2008 te Jopie Fourie feesterrein:

Om 03h00 die volgende oggend is met gebed geopen en gereedgemaak vir vertrek.

Dit was nog skemer, toe ons vir Dirk in sy rolstoel oor die hek tel. By die gedenknaald is die Verlossing van die Boerevolk met gebed en Nuwe Gelofte bevestig. Jahshua het egter aan Francois gesê dat elkeen in sy hart moes ingaan en eers sy eie hart in die gees moes salf, alvorens die Gelofte afgelê kon word en die gedenksteen met olie gesalf kon word. Daarna is olyfolie oor die gedenksteen gegiet deur Gideon Steyn. Tydens die afsluitingsgebed het Gideon in die gees gesien dat daar duisende gestorwe Boere om ons versamel staan in die oopte. Pieter het terselfdertyd in die gees gesien dat olie oor 'n hart gegiet word en 'n kwart daarvan in goud verander het. Ramshorings is op die vier hoeke van die steen in die vier windrigtings geblaas. Alles het ongeveer 05h00 die oggend geskied, dieselfde tyd waarop Jopie Fourie tereggestel is op 20 Desember 1914.

Fourie se laaste brief: "*Dat is mijn laaste letters die ik schrijven zal en mijn vermaning is. Wees getrouw tot den dood. Wees getrouw aan uw tradities, aan uw volk, aan uw taal. God zij met u allen tot wij wederzien."*

Hierdie terrein is as die Ooste uitgewys deur Jahshua. Geestelik beteken dit die KRAG of Liefdeskrag van Sy Woord. Alles is dus deur Sy Krag begin en deurgegee om voltooi te word in Sy orde.



Jopie Fourie



Die groep by die Jopie Fourie gedenksteen